

## Week 11 en 12 (12 Okt. - 23 Okt)

Aanbeveling: Doen 2 of 3 items per afdeling 'n dag vir die 5 dae wat die leerder tuis bly.

### Wiskunde

**Geld:** Gebruik van mamma of pappa se kleingeld vir die aktiwiteit.

- Leerder sorteer die munte eers volgens kleur: brons en silwer.
- Sorteer dan die munte volgens waarde: 10c, 20c, 50c, R1, R2, en R5.
- Mamma of pappa wys die geld en die leerder probeer dit identifiseer. Julle kan praat oor hoe elkeen lyk en wat die waarde daarvan is.

### **Patrone:**

Kry voorwerpe wat dieselfde is, maar wat in 3 verskillende kleure voorkom bv. blou, rooi en groen blokkies / geel, oranje en rooi karretjies / pers, pienk en blou plakkers / groen, oranje en rooi blokkies papier.

- Mamma of pappa pak 'n patroon met 3 kleure en leerder kopieer dit bv. blou, rooi, groen, blou, rooi, groen, blou, rooi, groen,
- Mamma of pappa pak 'n patroon uit en vra vir die leerder wat volgende moet kom.
- Leerder maak sy/haar eie patroon deur 3 kleure te gebruik.

### **Getalname:**

- Mamma of pappa maak getalname flitskaarte 1 tot 8.
- Flits dit vir die leerder en hy/sy moet dit identifiseer.
- Laat die leerder dit in die regte volgorde pak.
- Plak die getalname in die huis op verskillende plekke op. Die leerder moet dit gaan soek en dan identifiseer.

## **CAMI oefening: opsioneel**

Soos verduidelik in die CAMI brief - Volg die volgende roetes om by die oefeninge uit te kom soos verwys in die onderstaande kontrolelys.

1. Klik op oefen.
2. Klik op wiskunde.
3. Klik op onderwerpe.
4. Gebruik die soek funksie en tik die CAMI kode in.
5. Maak seker u kies Graad R by die graad opsie. Klik op soek.
6. Klik op die skakel wat opkom. Dit sal u na die oefening neem.

- 
- Prentpatrone met 3 prente - 5057
  - Prentpatrone met 3 vorms - 10014
  - Kies die getalnaam as die syfer gegee word - 5008
  - Lees getalname - 5030
  - Vergelyk die getal voorwerpe van 1 tot 10 - 5765
  - Tel op 'n getallelyn vanaf 1 tot 5 - 5099
  - Tel groepe van 2 - 2050.

## **Huistaal**

- Lees die Kammaland storie vir die hersiening van die d - klank
- Gebruik die b-klankie voorbeeld wat aangeheg is en teken dit oor op 'n wit bladsy of druk sommer juffrou se voorbeeld uit. Kry nou enige helder afvalpapier (dit kan selfs papier uit 'n ou tydskrif wees) en skeur en plak die binnekant van die b-klankie. Onthou om **klein** stukkies te skeur en om al die wit aan die binnekant van die letter **toe** te plak.

- Dink nou aan vyf items wat met 'n b-klank begin. Teken die vyf items nou rondom die groot b-klankie en kleur dit in. (Onthou om nie oor die lyne te gaan as jy inkleur nie.)
- Gebruik die dokument: Vul in die klanke: Dit is nie nodig dat hierdie bladsy gedruk word nie. Kyk net na die prent en sê watter klank van sy naam is uitgelaat. – Hierdie is klanke wat die leerders reeds aangeleer het en moet hy hierdie met gemak kan uitken.

### Doen en Leer

- Gebruik asb. hierdie week die geleentheid om die werk in te haal tot Week 28.

Welkom terug aan al die kormorbiditeit leerders!

